

**Titel:** Laat U wil geskied  
**Pastor:** Sias le Roux  
**Datum:** 31 Oktober 2010  
**Tyd:** 09:00



## **Om die wil van God te doen**

### **Definisie:**

God se begeerte / goedgunstige en berekende plan van God

### **Johannes 4:34**

<sup>34</sup> Maar Jesus het vir hulle gesê: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi.

### **Mattheus 26:38-42**

<sup>38</sup> Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My. <sup>39</sup> En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil. <sup>40</sup> En Hy kom by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie? <sup>41</sup> Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak. <sup>42</sup> Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê: My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.

## **Wie sal ons dien?**

### **Romeine 6:16**

<sup>16</sup> Weet julle nie dat aan wie julle juis self as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?

## **Hoe leer ons om gehoorsaam te wees?**

### **Hebreërs 11:6**

<sup>6</sup> En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

- Openbaringskennis: van wie God is en wat Sy wil is

### **Hebreërs 5:8**

<sup>8</sup> Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het;